# DIE BETEKENIS VAN DIE OU TESTAMENT VIR ONS GEESTELIKE LEWE.

Die Christendom behoort tot die groep godsdienste wat 'n versameling van heilige skrifte besit.

Daarom is die Christene, netsoos die Jode deur Mohammed genoem „die volk van die Boek" (*ahl al-kitāb*). Die besit van so'n heilige kanon is van groot betekenis. Die gees van Israel's profete, die gees van Christus en die apostels sou nie eeu in en eeu uit so'n groot invloed uitgeoefen het, as hulle uitsprake nie teboek gestel was, en so van geslag tot geslag oorhandig kon word nie.[1])

Waar ons hier oor die Ou Testament handel, mag ons vra: Hoe is in die loop van die eeue deur die Kerk oor die Ou Testament geoordeel?

Daar staan twee opvattinge lynreg teenoormekaar. Volgens die één opvatting is die Ou Testament letterlik deur die Heilige Gees geïnspireer, en so van blywende betekenis vir elkeen wat hom deur die Heilige Gees wil laat lei.

Volgens die ander opvatting is die Ou Testament van geen waarde vir ons geestelike lewe nie. Dit is slegs 'n historiese dokument, wel belangrik vir die kennis van die oudheid en die Jodedom, maar vir Christenmense sonder betekenis.[2])

---

[33]) Bense, bls. 107.
[34]) Aangehaal deur Van Schelven, bls. 192.
[1]) Dr. A. M. Brouwer. Wat is ons de Bijbel? G. J. A. Ruys Uitg. Mij. Zeist, 1929.

Die Christelike Kerk het die Ou Testament van Jesus self gekry. Hy, die Israeliet by uitnemendheid, het die Ou Testament erken as oorkonde van die Godsopenbaring.

Jesus self het verklaar dat Hy gekom het, nie om die Wet en Profete te ontbind nie, maar te vervul (Matt. 5:17).

Ons kan sê in en deur Christus het die oue verbygegaan, het die nuwe gekom. Ook die oudste Christengemeente het in Christus die vervulling van die Ou Testament gesien, en dit daarom van die Jode oorgeneem.

Onder invloed van die Hellenistiese gees kry ons langsamerhand 'n tweeërlei gebruik van die Heilige Skrif, nl. 'n Rabbynse en 'n Hellenistiese gebruik.[3])

Onder Hellenisme moet ons verstaan die vermenging van die Oosterse en Griekse gees. Die Griekse gees en kultuur het sy stempel gesit op die nie-Griekse volkere rondom die ou wêreldsee. Die Jode in Palestina het ook die invloed van die Hellenisme ondergaan.[4])

Die Rabbynse gebruik het hom nougeset toegespits op die letter van die Skrif. Die vraag wat van gewig was, was: wat staan daar woordelik?

Ons vind hierdie Rabbynse eksegese nêrens by Jesus nie. 'n Enkel voorbeeld van Rabbynse eksegese vind ons wel by Paulus, as hy in Gal. 3:16 sê: „Nou is aan Abraham die beloftes toegesê, een aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit sien op baie nie, maar op een: En aan jou saad — dit is Christus."

Origens vind ons by Paulus nêrens die Rabbynse eksegese, merkwaardig vir 'n Jood, wat tot 'n rabbyn opgelei was. Paulus het hiermee vir goed afgereken, en sê van hierdie soort Skrifgebruik: „Die letter dood, maar die gees maak lewendig" (2 Kor. 3:6).[5])

In sommige Protestantse kringe het hierdie Bybelgebruik teruggekeer in verband met die getalle-simboliek. Die getal sewe is die heilige getal, en word deur sommige mense oral gesoek. Daar is mense wat hulle gehele lewe aan so'n ondersoek wy.

Naas die Rabbynse gebruik vind ons die Hellenistiese gebruik, wat agter die eenvoudige woorde 'n ander sin soek, nl. die allegorie. Hierdie gebruik vind ons nie by Jesus nie, maar hier en daar wel by Paulus, bv. 1 Kor. 9:9, 10:4, Gal. 4:22-31.

Origines (gest. 254 n.C.) het in die Skrif drieërlei sin gesien, nl. 'n letterlike, 'n sedelike en 'n mistieke sin, wat dan sou moet korrespondeer met die liggaam, siel en gees van die mens.[6])

---

2) Ibid., Bls. 1, Bls. 41.
3) Brouwer, t.a.p., bl. 44.
4) Korte Christelijke Encyclopaedie, red. Dr. F. W. Grosheide, Uitgawe J. H. Kok, Kampen, 1934, bls. 446.
5) Brouwer, t.a.p., bl. 44.

Teen die einde van die Middeleeue het daar reeds meer en meer besware gekom teen die metode om van alles alles te maak.

In die 14de eeu was dit veral Nicolaas van Lyra (1279-1340) wat gepleit het vir eenvoudige grammatikale sin.[7])

Maarten Luther het hierby aangesluit. Teenoor verskillende boeke het Luther 'n gereserveerde houding aangeneem, soos teenoor die brief van Jakobus, die Openbaring van Johannes, Prediker en Kronieke. Die Bybel en die Woord van God was by hom nie dieselfde nie. Die Heilige Gees was die skrywer van die Bybelboeke, maar nooit het Luther dit in letterlike sin bedoel nie.[8])

Johannes Calvyn (1509-1564) lê baie sterk nadruk op die geopenbaarde sedewet. Die leer van tweërlei sin sien Calvyn as satanswerk, en dit maak die Skrif onseker en wankelbaar. Calvyn wys daarop dat die Hebreërbrief net daarop uit is om die analogie tussen die Ou Testamentiese skadubeelde, en die waarheid in Christus duidelik te maak. Calvyn beskou allegorie en heel veel tipologie as volslae willekeur en spel van vals vernuf.[9])

Die outoriteit van die Heilige Skrif hang nie aan die mense, maar aan die Gees van God.[10])

Teenoor die Rabbynse gebruik en die Hellenistiese gebruik van die Ou Testament, vind ons die ander uiterste, wat aan die O.T. alle waarde vir die Christen ontsê. Die O.T. word alleen beskou as 'n historiese dokument. Marcion uit Pontus in Klein Asië, wat ongeveer 150 n.C. in Rome Christen geword het, en geteken word as 'n ultra-Pauliner, lê alle nadruk op die genade wat die God van liefde aan die mens bewys.

Die God van genade en liefde vind hy dan onverenigbaar met die God van wet en geregtigheid. Die skeppende God is 'n God van laer orde as die verlossende lig-God.

Marcion verwerp die O.T., die hele gees van die Mattheus Evangelie, en die Hebreërbrief as te sterk Outestamenties gekleur. Tertullianus noem Marcion 'n goddelose.[11])

Marcion was geen gnostikus, maar het onder die invloed daarvan gestaan. Marcion het groot invloed uitgeoefen, baie gemeentes gestig, met 'n eie Kanon, liedere en 'n eie organisasie, maar die Kerk het Marcion se opvatting verwerp. Die Kerk kon die skerpe teëstelling Skepper en Verlosser nie aanvaar nie.[12])

'n Tweede stroming wat radikaal met die O.T. wil breek, is die anti-semitisme.

---

6) Brouwer, t.a.p., bl. 47.
7) Brouwer, t.a.p., bl. 47.
8) Brouwer, t.a.p., bl. 48.
9) Brouwer, t.a.p., bl. 49.
10) Calvyn. Institutie. Rotterdam, D. Bolle. 1ste Boek, 7de Hoofstuk, bls. 21 vv.
11) Sien „Korte Christelijke Encyclopaedie", bls. 703.

In verskillende lande word die Jood vir minderwaardig aangesien. Friedrich Delitzsch, seun van Franz Delitzsch, was baanbreker op die gebied van die Assyries-Babyloniese studies. Daar word gesê dat alle Assyrioloë van hom afhanklik is. Bekend is sy „Babel-Bibelstreit" waarin hy in 1902 deur 'n aantal lesinge wou aantoon dat die O.T. grotendeels aan Babel ontleen is. In 1902 volg sy boek: „Die grosze Täuschung" (die grote misleiding). Hierin kom só duidelik sy antisemitisme uit. Alles in die O.T. word voorgestel as opsetlik bedrog. Die Jode was altyd bedrieërs gewees en bedrieg nog.[13])

Hierby moet ons voeg Adolf von Harnack. Hy beskou die O.T. as 'n historiese geskrif. wél van waarde, maar nie as godsdienstige boek nie.[14])

Von Harnack beweer dat dit 'n godsdienstige en kerklike insinking was om sedert die 19de eeu met al die nuwere ondersoek die O.T. nog as 'n kanonieke geskrif vir die Protestantisme te wil handhaaf.[15])

By hierdie besproke standpunte kan ons nog die name van veel ander bekende manne van ons tyd voeg, wat teen die O.T. as Bybel vir die Christelike gemeente waarsku.

Ons vind dan hierdie twee standpunte lynreg teenoormekaar. Die één standpunt sê: Die O.T. is deur God gedikteer, en op vele punte is dit allegories te verklaar. Die ander standpunt sê: Die O.T. het vir ons godsdienstige lewe geen waarde meer nie: dit is 'n boek vol bedrog.

Watter standpunt moet ons inneem? Ons antwoord sal afhang van die openbaringsbegrip wat ons huldig. En dan mag ons vra: Wat is openbaring?

Is dit nie dit. dat God die mens sy nabyheid, sy wil, sy liefde, sy genade bybring deur die prediking wat van Christus uitgaan, en in sy lig, van die apostels en profete?

Is openbaring dan nie die bemoeienis van die persoonlike God, met die persoon van die mens nie?

Die ontstaan van die Heilige Skrifte is nie, as 'n diktaat van die Heilige Gees te verklaar nie. Nee, dis historiese dokumente, waarin meer as duisend jare geskiedenis van 'n volk, van 'n besondere volk, van die uitverkore volk, in die sin van Amos 3:2, weerspieël is: „Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde."

Daarom het die inhoud 'n geheel besondere waarde; maar as menslike geskrifte vertoon dit ook die gebreke van menslike werk. Tog

---

12) Brouwer, t.a.p., bl. 50 v.
13) Brouwer, t.a.p., bl. 58.
14) Brouwer, bl. 54.
15) Brouwer, bl. 54v. Sien ook: Dr. W. J. de Wilde, Het Problem van het O.T., Nijkerk, 1938.

is dit ook die boek waar ons Heiland by geleef het, en waarmee Hy sy prediking gefundeer het.

Dit is vir ons hoofsaak. Van Christus uit sien ons wêreld en lewe, sien ons ook die Ou Testament. Die O.T. wil ons geen geologie, geen natuurkennis, geen aardrykskunde, geen geskiedenis leer nie. Dit wil aan ons die lewende God predik.

Dit is die betekenis van die O.T. vir ons geestelike lewe. Dit leer ons God ken as 'n heilige persoonlikheid, en teenoor die heilige God, die sonde van die mens.[16]) Die wêreld, natuur en skepping staan nie teenoor en naas God nie; dit vorm geen ewige dualisme wat nie te oorbrug is nie.

Nee, dit is alles deur sy hand voortgebring, dit rus in sy wil, en bly bestaan deur die woord van sy krag.

Die O.T. handhaaf en predik die persoonlikheid van God, en die persoonlikheid van die mens. Die O.T. gesien in die lig van die vervulling, in die lig van die gekome Christus, laat ons God en mens, God en wêreld, mens teenoor mens in die regte verhouding sien. Die O.T. werp ook die regte lig op Christus self. Maak ons Christus los van die O.T., dan begryp ons nie profete, priesters en konings nie. Maar sien ons Hom in die lig van die O.T., as die vervulling daarvan, dan sien ons: Hy is die ware Profeet, Priester en Koning.

Dan mag ons sien dat Hy die verbroke gemeenskap tussen die heilige God en die sondige mens herstel.

Dan sien ons: in Hom word 'n nuwe Verbond gegee, 'n nuwe beskikking van Gods kant, 'n nuwe gemeenskap tussen God en mens.

Hierdie Verbondsgedagte lê ten grondslag aan die gemeente van God, en is alleen te verstaan uit die O.T..

Die Evangelis Mattheus het dit duidelik gestel dat die gemeente van Christusbelyers voortsetting en vervulling is van die ou verbondsvolk (Mattheus 1).[17])

Die Verbondsgedagte in die Kerk van Christus is één van die grondbeginsels van die Oue Verbond.

Vir die bewussyn van Jesus, Paulus en die Evangeliste het die eenheid van Ou en Nuwe Testament bestaan. Die O.T. en N.T. was geen teëstellings nie, maar Jesus kom om die O.T., die ou Verbond te vervul, om daardeur 'n nuwe in te lei.

As ons die O.T. in Christus leer sien het, dan weet ons dat ons dit nie kan mis nie, omdat dit onlosmaaklik met die N.T. verbind is.

Dit is dan vir ons 'n getuienis van Gods openbaring, waarin ons leer ken Gods heilige persoonlikheid, Gods skeppende werksaamheid, Gods soekende barmhartigheid, die mens se sonde, die mens se redding, die mens se doel en saligheid.

F. J. Z. BOOYSEN.

---

16) Brouwer, t.a.p., bl. 58v.
17) Brouwer, t.a.p., bl. 60v.



W-P—47804-9-6-45